



Noodsaaklike vaardighede vir geskeide ouers

Baie huwelike misluk en eindig in 'n egskeiding. Dit is jammer, maar nog nie 'n ramp nie. Dit word wel 'n ramp vir veral die kinders wanneer die egskeiding ook misluk en ouers hand en tand baklei oor die kinders en elke ander ding. Indien die huwelik misluk, is dit noodsaaklik om ter wille van die kinders 'n suksesvolle egskeiding te hê.

Volgens Statistieke Suid-Afrika was daar 25 390 gefinaliseerde egskeidings in Suid-Afrika in 2018. Die waargenome egskeidingsyfer was 0,4 egskeidings per 1 000 van die geskatte inwonende bevolking.

Korttermyngevolge wat voorkom by kinders wie se ouers skei, is onder andere die volgende:

Angs: Die nasleep van 'n egskeiding veroorsaak dat die kind gespanne en angstig word. 'n Angstige kind sal dit moeilik vind om op sy studies te konsentreer en kan belangstelling verloor in aktiwiteite wat hy voorheen geniet het.

Konstante stres: Volgens die American Academy of Child & Adolescent Psychiatry gee kinders hulself die skuld vir die egskeiding en probeer hulle die verhouding herstel. Dit kan lei tot geweldige spanning en druk met verskeie moontlike gevolge soos negatiewe gedagtes en nagmerries.

Gemoedswisselings en prikkelbaarheid: Veral jong kinders mag ly aan gemoedskommelings en geïrriteerd raak, selfs wanneer hulle met bekende mense in interaksie kom.

Intense hartseer: Intense hartseer heers in die hart en gees van die kind. Niks in die lewe voel goed nie, en die kind kan uiteindelik in depressie verval, wat 'n langtermyn-manifestasie van hierdie hartseer is.

Volgens navorsing kan 'n egskeiding langtermyngevolge op 'n kind hê indien dit nie reg hanteer word nie. In die artikel *Divorce hurts children, even grown ones* deur sielkundige Jan Gumbiner in *Psychology Today*, kan 'n kind van geskeide ouers selfs dekades na die gebeurtenis sukkel om gesonde volwasse verhoudings te handhaaf en te onderhou.

In 'n studie wat deur die National Opinion Research Council oor 'n periode van 20 jaar gedoen is, is gevind dat kinders van geskeide ouers meer geneig is om self te skei. Vrees vir verlating, mislukking en verlies kan verhoudings van die volwasse kind beïnvloed en lei tot onwilligheid om in verhoudings te tree of 'n onvermoë om deur probleme te werk. Ander effekte is angstigheid en depressie.

Wat veral hartseer is hiervan, is dat dit nie die egskeiding is wat tot dié gevolge lei nie, maar die ouers se hantering van die egskeiding, mekaar en hul kinders. Hierdie gevolge kan dus voorkom word, en enige kind van 'n geskeide egpaar kan opgroei as 'n goed aangepaste volwassene.

Dit kan egter slegs gebeur wanneer albei ouers oor die nodige vaardighede beskik om die kind, die omstandighede en mekaar reg te hanteer. Sielkundiges en predikante fokus op geskeide persone se emosionele welstand. Dit is egter ook noodsaaklik dat hierdie persone vaardighede moet aanleer om hul kinders reg te hanteer.

Marieke Oberholzer, sielkundige

Teken in op
blitspos

Stuur 'n e-pos na
karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en
kort kommentaar
(uiters 100 woorde)
aan
produksie@nhk.co.za

Skakels

Webblad van die
Hervormde Kerk
www.nhka.org

Indien u nie weer
blitspos wil
ontvang nie,
stuur 'n e-pos na
karen@nhk.co.za

Die redaksie aanvaar
verantwoordelikheid
vir die inhoud.
Menings deur
skrywers uitgespreek,
is egter nie
noodwendig die
beleid of standpunt
van die Hervormde
Kerk nie.

Lief en leed



Mnr Leon de Munnik

- **Mnr Leon de Munnik** (1935-2019), administrateur van die Sinodale Dienssentrum van 1986 tot 1997, is Saterdag 8 Junie oorlede. Ons bid sy vrou, Hettie, en hul gesin die ontferming van die Here toe. Sy gedenkdiens vind plaas op Woensdag 19 Junie om 10:00 vanuit Gemeente Rietvallei.
- Ds Bouwer Serfontein (Vereeniging) se skoonvader, **mnr Dicky Viljoen**, is Dinsdagoggend 11 Junie in die ouderdom van 89 jaar en 2 dae oorlede. Mnr Viljoen was in lewe stadsklerk van Prieska, en het hom na sy aftrede saam met sy vrou gewy aan missionale bediening in die boerderygemeenskap. Die teraardebestelling vind plaas op Saterdag 15 Junie om 10:00 in die Bain'svlei-begraafplaas. Die dankdiens vind om 11:30 plaas in die kapel in Westerbloem-aftreeoord, waar hy versorg is sedert die afsterwe van sy vrou verlede jaar. Ons innige simpatie gaan aan mev Magda Serfontein en hul familie.

- **Mev Ena Mans** (weduwee van ds CJ Mans) **se seun Christof** is onlangs oorlede na 'n lang siekbed. Ons bid dat daar vir haar ryke vertroosting sal wees. Die troosdiens het plaasgevind op Vrydag 31 Mei in Gemeente Pierneef.

- **Ds Johan du Toit** (emeritus, 82) se gesondheid het sodanig verswak dat hy nou bedlêend is en volle versorging in Huis Hermon ontvang. Hy ly aan perifere neuropatie. Ons bid hom en sy vrou, Rina, wat ook ten volle versorg word, die Heer se bystand toe in hierdie moeilike fase van hul lewe.

- **Ds Jakkie Jacobs** (emeritus, 76) van Gemeente Montana-Oos het Donderdag 6 Junie 'n prosedure ondergaan waartydens vog van sy brein gedreineer is. Ons bid ds Jakkie en sy vrou, Susan, krag toe in hierdie tyd. Mag daar spoedige herstel vir hom wees.

- **Mev Anna Mc Donald**, weduwee van ds At Mc Donald, het onlangs 'n beroerteanval gehad. Ons bid haar volkome herstel toe.

- Gemeente Bronkhorstspruit het Sondag 9 Junie die voorreg beleef om **prof en mev APB (Andries) en Christa Breytenbach** te ontvang vir die viering van sy **50ste ampsjubileum**. Prof Breytenbach het die erediens gelei. Sy Skriflesing was uit Hosea 11: 1-9, en hy het die allesomvattende liefde van God beklemtoon, wat nie sy kinders kan prysgee nie ten spyte van hul opstandigheid. Hy het dit op sy eie bediening van toepassing gemaak, deur te sê hoe hy self altyd soos 'n bedelaar voor God moet staan vir sy genade. **Dr André Ungerer** het namens die Kerk 'n groetboodskap oorgedra, en verwys na onder andere prof Breytenbach se besondere bydrae as dosent in die Ou Testament en sy dekades lange werk as Bybelvertaler. Prof Breytenbach het byvoorbeeld die volle leiding geneem in die vertaling van die Bybel in isiNdebele. Dr Ungerer het die Kerk se waardering en dankbaarheid daarvoor uitgespreek. **Ds Jan van Staden** het namens die gemeente 'n groetboodskap oorgedra. Prof en mev Breytenbach het 'n lang verbintenis met die gemeente. Hy het as pastorale hulp in die gemeente gewerk in die laat 1970's en vroeë 1980's. Vanaf 2007 was hy deelyds predikant van die gemeente, tot 2011. Na prof Breytenbach se antwoord, waarin hy die Kerk en die gemeente bedank het vir die voorreg om in die Kerk te kan dien, het hy en mev Breytenbach saam met hul gaste verversings geniet in die saal.

- **Ds Colin Hertzog** van Gemeente Middelburg-Noord het Sondag 9 Junie vir die 18de keer aan die Comrades-maraton deelgeneem. Hy vertel: *Dit was 'n buitengewone voorreg om my Comrades-ervaring hierdie jaar saam met my hele gesin te kon deel. Ek en my seun, Munnik, wat aan sy tweede Comrades deelgeneem het, het saam weggespring en net voor 12 ure klaargemaak. Wat die lekkerte soveel beter gemaak het, is die feit dat die drie vroue in my lewe, Annelie en ons twee dogters, ons oral langs die pad ondersteun het. Dit was ook die 18de keer wat my liewe vrou saam met my in Durban was! Die helde was egter ver voor ons. Ek sien ds Johnny Young het minder as 7 ure nodig gehad om die Comrades te voltooi. Wow! Dit is 'n puik prestasie.*



Al vyf van die Hertzog-gesin op die pad



Candice Roux

- **Candice Roux** (8), dogter van mev Sarie Roux van die Sinodale Dienssentrum se Boekwinkel, het onlangs in Kroasië deelgeneem aan 'n internasionale danskompetisie. Daar was 26 lande wat deelgeneem het en Suid-Afrika het baie goed gevaar! Candice het twee eerste plekke en twee vierde plekke behaal. Baie geluk!
- **Die volgende predikante verjaar tot 21 Junie, en word hartlik geluk gewens:**
 - o Donderdag 13 Junie: Prof MJ du P (Biëks) Beukes (emeritus)
 - o Vrydag 14 Junie: Ds GFJ (Gert) Beukes (emeritus)
 - o Saterdag 15 Junie: Dr RA (Rudy) Denton (Potchefstroom-Studente)
 - o Sondag 16 Junie: Dr JHL (Jan) Truter (emeritus)
 - o Dinsdag 18 Junie: Prof EC (Elsabé) Kloppers (Kerkmusiek) en ds DJR (Danie) Malan (Johannesburg)
 - o Woensdag 19 Junie: Ds W de V (Willem) Sauer (Waterberg)
 - o Donderdag 20 Junie: Dr A (Annelie) Botha (Mafeking)
 - o Vrydag 21 Junie: Di HT (Hennie) van der Linde (Vliegepoort) en EN (Nastasia) Vosloo-Steyn (Donegal)



Prop Paul van Jaarsveld

Gemeentes en bediening

- **Prop PA (Paul) van Jaarsveld** (beroepafwagting) het 'n beroep ontvang na Montana (benoeming). Hy het die beroep aanvaar.
- **Prop AS (Armandt) Botha** (beroepafwagting) het 'n beroep ontvang na Heidelberg.
- **Ds PC (Peet) Swanepoel** het die beroep na Gemeente Nkana in Zambië aanvaar. Hy en sy vrou, Daleen, word op 14 Julie in die gemeente ontvang.
- **Dr PL (Piet) Steenkamp** se brugwerk in Gemeente Jeffreysbaai is afgehandel, en hy word van die werkruinte losgemaak aan die einde van Julie 2019.



Prop Armandt Botha

- Op inisiatief van **ds Geo Smit en Gemeente Potchefstroom-Suid** is op Saterdag 4 Augustus 2018 om 06:00 begin om die **Bybel met die hand oor te skryf**. Daar was mense van Wolmaransstad, Schweizer-Reneke, Johannesburg en Klerksdorp, maar die meeste was van Potchefstroom. 450 skrywers uit verskeie kerkgenootskappe het deelgeneem – die jongste was 8 en die oudste 90 jaar oud. Die taak is op Donderdag 9 Augustus om 14:00 afgehandel toe die Bybel gereed was om gebind te word. Hierdie handgeskrewe Bybel is op Vrydag 3 Mei vanjaar aan die bestuur van die Lutherhuis-museum in Wittenberg, Duitsland oorhandig om deel van hul uitstalling oor die werk en lewe van Martin Luther te vorm. Dié Bybel sal ook deel vorm van hul nuwe uitstalling in 2022. Die handgeskrewe Bybel is aan die een kant van A3-grootte bladsye geskryf. Die Bybel is in vier dele gebind en weeg saam ongeveer 17 kg. Daar is ook afskrifte van die Bybel in A3 (weerskante gedruk) en A4 (weerskante gedruk) beskikbaar. Daar word beplan om na vyf jaar die Bybel na die Bybelmuseum in Washington oor te plaas, waarna dit weer Potchefstroom toe sal kom.



Ds Geo Smit oorhandig die Bybel

- Die **SP Engelbrecht-museum** is op soek na 'n **outydse doodskleed**. Kontak ds Johann de Bruin by cjdb@telkomsa.net of 082 733 3951 op WhatsApp. Almal is hartlik welkom om ons Museum per afspraak te besoek. Sluit asseblief aan by ons Facebookblad SP Engelbrecht Museum vir wetenskaplike en meer inligting.



Ds Peet en Daleen Swanepoel



Dr Piet Steenkamp



- By die **SP Engelbrecht-museum is te koop**: 21 bokse ou hout **portretrame** (332) en 6 bokse raamglas – net 'n paar breë rame, andersins smal tot gemiddeld; alles mooi skoongemaak en gesorteer. Enkelrame vanaf R20, R50 en R100 plus. R10 000 of beste aanbod vir die hele lot. 9 x beeldjies (13 x 11 cm) van **ds LGF Biccard** van Pietersburg (1875-1885) deur beeldhouer Phil Minnaar in 1986 @ R100 elk. 800 x **bronspenninge** van 1886-1986 Gemeente Witfontein wat gekies het om die NHKA te handhaaf in die tyd van die mislukte kerkvereniging @ R20 stuk. Stel van 8 **plakkate** oor die geskiedenis van die NHKA @ R250 of R45 per plakkaat (A2 = 600 x 420 mm): Predikante, Ouderlinge, NHSV, Nagmaal en Doop, Bybelvertaling, Kerkhervorming, Voortrekkers, Liturgiese Jaar. Ons kan dit via Postnet vir u stuur. Ideale geskenke vir kategesekinders.

Vergaderings

- Donderdag 13 Junie: Rata Bestuur Werkwinkel
- Donderdag 20 Junie: Rata Finkom

'n Gedig

Doop (2)

(i)

Klein tabernakeltjie van God!
 Ek lê jou in Sy Naam die hande op
 en voel jou hartjie
 deur die sagte plekkie
 in jou skedel
 klop.

(ii)

Jy kou nog aan jou vuisies,
 skop met die voete.
 Die formulier sê plegtig
 jy's geroepe
 "om in 'n nuwe lewe op te staan" –
 klein Lasarus in doeke.

IL de Villiers

(Uit: *Leitourgos*, 1972)

Toerusting

- Vanjaar se **Voorgesette Teologiese Toerusting (VTT)** handel oor emosioneel gesonde leierskap. Onderwerpe wat hanteer word, sluit in besluitneming en beplanning, kultuur en spanbou, mag en gesonde grense, asook eindes en nuwe beginne. Die **eerste foto** is geneem tydens die VTT van die **Gautengstreek Pretoria** (28-29 Mei), en die **tweede foto** tydens die VTT van die **Gautengstreek Johannesburg** (4-5 Junie).



- **Sentrum vir Kontekstuele Bediening, UP**
Premierkursus oor brugbediening
Week 1: 29 Julie – 2 Augustus
Week 2: 4-7 November
 Kursusleier prof Malan Nel, 70 kursuspunte
 Koste R2 200 (BTW ingesluit)
 Kontak Hesmarie Bosman by 012 420 4952
Hesmarie.Bosman@up.ac.za

Barmhartigheid

- Op Sondag 2 Junie is 'n **deurkollekte aan Rata Maatskaplike Dienste** afgestaan, wat deel uitgemaak het van Kinderbeskermingsweek. Die projek is vanjaar gekombineer met die **skenking van komberse** wat aan behoeftige gesinne versprei gaan word. Opregte dank aan alle gemeentes wat aan hierdie deurkollekte deelgeneem het, asook vir die skenking van komberse wat ontvang is. Daar is groot waardering vir u betrokkenheid by die beskerming van ons kinders.
- Het jy hoop verloor? Is jy op soek na inspirasie, motivering en 'n gevoel van behoort tussen geloofsvriendinne? Dan is vanjaar se **NHSV Streekbyeenkomste** 'n geleentheid wat jy nie kan misloop nie. Jeremia 29: 11b (NLV) sê: *Ek wil hê dat julle HOOP vir die toekoms moet hê.* Die byeenkomste het reeds op 'n hoë noot afgeskop. Maak jou vriendinne bymekaar en kom deel in al die pitkos, vermaak, motivering en samehorigheid wat aangebied word. In vandag se lewe kan ons so maklik hoop verloor; kom dus en word weer begeester om voluit met geloof, hoop en liefde te leef en só 'n ligdraer vir God te wees. Ons sien jou graag daar!
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, beskik tans oor **een eenslaapkamer-huureenheid** in Huis Johannes Postmus teen R3 865 per maand. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24 uur versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Vir meer besonderhede, skakel matrone T Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**
Lewensreg te koop
 2-slaapkamer @ R560 000
 1½-slaapkamer @ R520 000
 1-slaapkamer @ R515 000
 Groot tuine om in te ontspan
 Geen versorging
Daar is nou ook huureenhede beskikbaar
 Skakel Ansie Lombard (bestuurder)
 012 329 4318 / 084 920 8723



Fondsinsamelings

- **Rata: Drive for a Child Masters**
Dinsdag 20 Augustus by Silver Lakes Buiteklub
 Borg 'n putjie teen R2 500
 R4 200 vir 'n 4-bal (2 gholffkarretjies, middag- en aandete ingesluit)
 R5 000 vir 'n 4-bal plus putjeborg (2 gholffkarretjies, middag- en aandete ingesluit)
 Navrae: 082 081 3213 / info@driveforachild.co.za
www.driveforachild.co.za

Kerklike publikasies

Vadersdag

R50

199 gunsteling Bybelverse vir mans

Stilwordtye saam met God vir **Mans**

R60

DIE LEWE
KOM NIE MET 'N instruksieboek NIE
DIS HOEKOM ONS PA'S HET

R269

DIE BYBEL

Praat saam

KenMekaar-idees vir Pa's & Dogters

R90

Bestel van mev Sarie Roux by sentik@nhk.co.za

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Die koste vir advertensies is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + blitspos.** Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van produksie@nhk.co.za.

Gebed vir die week

Dierbare Vader,
wees U 'n helder vlam voor my,
wees U die sterrewyser bo my,
wees U 'n gelykpad onder my,
wees U die Goeie Herder agter my,
vandag – vanaand – vir altyd.

Die heilige Columba, lerse ab en evangelis

(Uit: *Die groot boek van Christelike aanhalings*, Nina Smit, 2005)